



NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2022

**EKONOMIE V2
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 17 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- 1.1.1 A – volmaakte ✓✓
- 1.1.2 C – gemiddelde ✓✓
- 1.1.3 D – volmaakte mark ✓✓
- 1.1.4 C – minder produseer en 'n hoër prys vra ✓✓
- 1.1.5 A – leierskap ✓✓
- 1.1.6 B – versonke ✓✓
- 1.1.7 D – prys ✓✓
- 1.1.8 B – elektrisiteit ✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 PAS-ITEMS

- 1.2.1 E – Group produsente wat soortgelyk aan 'n kollektiewe monopolie funksioneer ✓
- 1.2.2 A – Bly konstant, ongeag die vlak van produksie ✓
- 1.2.3 F – Moedig mense aan om nuwe produkte uit dieselfde reeks te koop ✓
- 1.2.4 H – Verlaging in ekonomiese welsyn word veroorsaak deur 'n afname in verbruikers- en produsentesurplus ✓
- 1.2.5 B – Rentekoers waarteen die netto huidige waarde van 'n projek nul is ✓
- 1.2.6 G – Kopers word verskillend vir dieselfde produk gehef ✓
- 1.2.7 C – Kleinste individuele en onafhanklike produserende eenheid ✓
- 1.2.8 D – Bykomende voordele wat 'n verbruiker kry uit die verbruik van nog een eenheid goed of diens ✓ (8 x 1) (8)

1.3 GEE EEN TERM

- 1.3.1 Lang termyn ✓
- 1.3.2 Vervaardigerssubsidie ✓
- 1.3.3 Produksiemoontlikhede-kromme ✓
- 1.3.4 Wins ✓
- 1.3.5 Mikro-ekonomie ✓
- 1.3.6 Vraag ✓ (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE

2.1 2.1.1 **Noem enige TWEE voorbeelde van nywerhede wat onder toestande van volmaakte mededinging funksioneer.**

- Aandele / sekuriteitsbeurs ✓
- Landboubedrywe ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante voorbeeld.)

(2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom stel die regering soms maksimum pryse vir sekere produkte vas?**

Regerings stel dikwels maksimum pryse vas met die doel om verbruikers teen uitbuiting te beskerm. ✓✓

(2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die hoeveelheid waarteen totale inkomste gemaksimeer word.**

Hoeveelheid 4 ✓

(1)

2.2.2 **Watter inkomstekurwe verteenwoordig 'n vraagkurwe in 'n onvolmaakte mededingende firma?**

GI / Gemiddelde inkomste ✓

(1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die konsep *marginale inkomste*.**

Die ekstra inkomste wat die verkoper verdien wanneer hy nog een eenheid produk produseer en verkoop. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(2)

2.2.4 **Verduidelik kortliks die belangrikheid van skaalbesparings.**

- Wanneer meer eenhede van 'n produk of diens op 'n groter skaal geproduseer kan word, maar met min insetkoste word daar gesê dat skaalvoordele behaal word. ✓✓
- Soos 'n maatskappy groei en produksie-eenhede toeneem, sal 'n maatskappy 'n beter kans hê om koste te verlaag. ✓✓
- As 'n firma reeds skaalbesparings geniet, word dit moeilik vir 'n ander firma met hoër bedryfskoste om daarmee mee te ding. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(Enige 1 x 2) (2)

2.2.5 Waarom is die marginale inkomste-kurwe onder die gemiddelde inkomste-kurwe?

Om die hoeveelheid verkoop te verhoog moet die firma die prys verlaag, dus vir elke ekstra eenheid verkoop verminder die inkomste wat verdien word ✓✓

As gevolg van die omgekeerde verhouding tussen prys en hoeveelheid gevra ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

2.3 DATARESPONS

2.3.1 Wat is die aantal verkopers in 'n volmaak mededingende mark?

Groot getal ✓ (1)

2.3.2 Wat is 'n markstruktuur wat deur twee firmas oorheers word?

Duopolie ✓ (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die konsep *produksie*.

- Produksie is die skepping van goedere en dienste ✓✓
- Transformasie van grondstof na voltooide goedere ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

2.3.4 Hoe kan nie-prysmededinging as 'n hindernis optree vir toetrede tot 'n oligopolie?


- Nie-prysmededinging verhoog die produksiekoste en maak dit dus duurder vir nuwe firmas om die bedryf te betree. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.3.5 Waarom laat samelewings oligopoliefirmas toe om hul markmag te gebruik om ekonomiese wins te maak?

- Oligopoliefirmas gebruik van hul ekonomiese winste om nuwe produkte te ontwikkel ✓✓
- Verbruikers hou van die keuse wat voortspruit uit produkverspreiding en differensiasie ✓✓
- Gevolglik sal hulle eerder hoër pryse betaal as om identiese produkte te verbruik ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik, met behulp van 'n grafiek, die ekonomiese verlies van 'n onderneming in 'n volmaak mededingende mark.



Puntetoekenning

Inkomstekrommes korrek geposisioneer en gemerk	= 1
Kostekrommes korrek geposisioneer en benoem	= 1
Ekonomiese verliesarea korrek geposisioneer en gemerk	= 1
As korrek geposisioneer en benoem	= 1
Maksimum	= 4

- Verlies word geminimaliseer by punt 'e' waar $MC = MR$ ✓
- Die verliesminimerende uitset is Q , terwyl prys P is en gemiddelde koste C is ✓
- Gemiddelde koste is bo/meer as die gemiddelde inkomste ✓ en die firma maak 'n verlies teen area $CPef$ ✓ (Maks. 4) (8)

2.5 **Evalueer die ekonomiese voordele en nadele van 'n verhoging in die nasionale minimum loon.**

Voordele

- Hoër lone verhoog inkomste en sal waarskynlik hoër verbruikersbesteding veroorsaak. ✓✓
- 'n Verhoging sal mense wat die minimum loonverdieners is, 'n geleentheid gee om hul lewenstandaard te verbeter/tred te hou met prysinflasie. ✓✓
- Verhoogde lone en besteding verhoog die vraag en skep meer werksgeleenthede. ✓✓
- Laer werkloosheid en hoër lone verhoog belastinginkomste. ✓✓
- Wanneer werkers hoër lone verdien, maak hulle minder staat op staatsveiligheidsnetprogramme. ✓✓

(Maks. 4)

Nadele

- 'n Verhoging in die minimum loon sal die loonrekening/maatskappykoste/produksiekoste verhoog, aangesien hulle hul werknemers meer sal moet betaal. ✓✓
- Firms sal dus hul verkoopprijs verhoog om winsgewendheid/oorlewing te verseker. ✓✓
- Die verhoging van die minimum loon kan egter tot werkloosheid lei en dit kan armoedevlakke verhoog. ✓✓
- In arbeidsintensiewe bedrywe, bv. landbou/mynbou waar arbeid 'n beduidende kostefaktor is, sal 'n verhoging in nasionale minimum loon beslis hul koste verhoog en winsgewendheid/mededingendheid verminder ✓✓

(Maks. 4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(4 + 4)

(8)

[40]

VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE

3.1 3.1.1 **Noem die TWEE segmente van die geknikte vraagkromme.**

- elastiese ✓
- onelasties ✓

(2 x 1) (2)

3.1.2 **Waarom is samespanning nie relevant in 'n volmaakte mark nie?**

Daar is baie klein besighede wat onafhanklik optree. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Wat is die formule vir kostevoordeel-verhouding?**

Totale voordeel ÷ totale koste ✓

(1)

3.2.2 **Volgens die inligting hierbo gegee, watter projek moet gekies word?**

Projek 2 ✓

(1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die konsep *kostevoordeel-ontleding*.**

- Koste-voordeel-ontleding is 'n tegniek vir die opsomming en evaluering van die totale sosiale koste en totale sosiale voordele verbonde aan 'n ekonomiese projek ✓✓
- 'n Ontleding wat deur die regering gedoen word wat die koste en voordele van 'n projek opweeg om te bepaal of dit uitgevoer moet word. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(2)

3.2.4 **Vir watter doel stel die regering maksimum prys vas?**

- Die regering stel 'n maksimum prys onder die markprys om goedere meer bekostigbaar te maak ✓✓
- Om die armes groter toegang tot sekere goedere en dienste te gee ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(Enige 1 x 2)

(2)

3.2.5 Hoekom gaan die regering soms voort met die projek al is die private koste meer as die private voordele?

- 'n Diens is noodsaaklik vir die bestaan van die gemeenskap se bestaan. ✓✓
- Wanneer 'n behoefte aan infrastruktuur nodig is, maar dalk nie enige voordele in terme van wins inhou nie, bv. die bou van 'n gemeenskapsentrum of 'n brug. ✓✓
- Befondsing van hierdie projekte word hoofsaaklik deur belasting inkomste gefinansier en verarm nie enige individu as sodanig nie. ✓✓
- Hierdie infrastruktuur dra by tot die welsyn van die gemeenskap in die algemeen en is nie uitsluitbaar vir enigiemand wat dit gebruik nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

3.3 DATARESPONS

3.3.1 Watter markstruktuur word deur die grafiek hierbo voorgestel?

Volmaakte mark ✓ (1)

3.3.2 Verskaf 'n korrekte etiket, (volledig), vir 3.3.2 in bogenoemde grafiek.

Ewigigspunt ✓ (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *industrie*.


Nywerheid is 'n groep ondernemings wat dieselfde soort produkte vervaardig. ✓✓ (2)

3.3.4 Verduidelik die implikasie van 'n prysnemer.

- 'n Prysner bepaal nie sy eie prys nie, maar neem die prys wat deur die mark bepaal word en kan slegs die prys verander as die mark dit verander. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.3.5 Gebruik die grafiek hierbo en lei 'n vraagkromme van 'n individuele produsent af.



(4)

3.4 **Onderskei, sonder die gebruik van grafieke, tussen *produktiewe* en *allokatiewe* ondoeltreffendheid.**

Produktiewe ondoeltreffendheid

- Die besigheid produseer nie teen die laagste moontlike koste nie. ✓✓
- Hulpbronne word nie gepas gebruik om die maksimum aantal goedere te produseer nie. ✓✓
- Daar is ruimte om koste te verminder sonder om minder goedere te produseer of sonder om goedere van laer gehalte te produseer. ✓✓
(Maks. 4)

Allokatiewe ondoeltreffendheid

- Wanneer hulpbronne nie in die regte verhoudings toegewys word nie en die produkmengsel nie aan die verbruikers se smaak voldoen nie. ✓✓
- Sommige goedere kan oorvoorsien word, terwyl ander goedere ondervoorsien kan wees. ✓✓
(Maks. 4)

(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote lys van feite/voorbeelde)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(8)

3.5 **Ondersoek die gevolge van 'n toename in die vraag na 'n firma se produkte in 'n volmaak mededingende mark.**

- 'n Toename in vraag na die produk sal tot 'n tekort aan die produk lei ✓ wat die prys sal laat styg. ✓
- Firms sal hul produksie op korttermyn verhoog deur meer arbeiders in diens te neem terwyl hulle ekonomies wins maak. ✓✓
- Ander firmas word dan gelok om die mark op die langer termyn te betree. ✓✓
- Omdat daar geen hindernisse vir toetrede tot die mark is nie, kan hulle teen dieselfde gemiddelde koste produseer ✓✓
- Dit sal dan 'n toename in aanbod veroorsaak ✓✓
- Die prys begin daal en gaan voort om dit te doen totdat firmas net 'n normale wins maak. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(Enige 4 x 2)

(8)

[40]

VRAAG4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**4.1 4.1.1 Noem TWEE markstrukture wat homogeen produkte verkoop.**

- Perfekte kompetisie ✓
- Oligopolie ✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 Wat sal gebeur as ondernemings in 'n oligopolistiese mark oor pryse meeding?

- Dit kan lei tot 'n prysoorlog wat wins sal verlaag wat daartoe kan lei dat sekere firmas die mark op die langtermyn verlaat. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

4.2 DATA RESPONS**4.2.1 Gee EEN voorbeeld van 'n eksplisiete koste.**

- Lone ✓
- Huur ✓
- Materiaal ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 1) (1)

4.2.2 Verskaf 'n korrekte ekonomiese term vir geen wins.

Normale wins ✓ (1)

4.2.3 Verduidelik kortliks die begrip *implisiete* koste.

- Die geleentheidskoste vir die eienaars van die onderneming vir die gebruik van die produksiefaktore wat hulle besit om uitset te produseer. ✓✓
- Implisiete koste is daardie geleentheidskoste wat nie in geldelike betalings weerspieël word nie. ✓✓
- Dit sluit die koste van hulpbronne in eie besit of in eie diens in, vir 'n ekonoom is die gebruik van hierdie hulpbronne nie gratis nie. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

4.2.4 Hoe word totale inkomste bepaal?

Totale inkomste is die volle bedrag van totale verkope van goedere en dienste. ✓✓ Dit word bereken deur die totale hoeveelheid goedere en dienste verkoop te vermenigvuldig met die prys van die goedere en dienste. ✓✓ (2)

4.2.5 Gebruik die inligting hierbo om ekonomiese wins te bereken. Toon ALLE berekeninge.

Ekonomiese wins = totale inkomste – (eksplisiete + implisiete koste) ✓
= 1 000 – (100 + 75) ✓
= 825 ✓✓ (4)

4.3 DATA RESPONS

4.3.1 Identifiseer uit die uittreksel hierbo EEN doelwit van die mededingingsbeleid.

Om die vorming van samesmeltings en verkrygings te reguleer ✓ (1)

4.3.2 Gee EEN gesag/instelling van die Mededingingsbeleid wat nie in die uittreksel genoem word nie.

Mededingingsappèlhof ✓ (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die konsep *kompetisie* soos dit in ekonomie gebruik word.

- Mededinging is wedywering tussen verkopers waar elke verkoper probeer om verkope, wins en marktaandeel te verhoog deur die bemarkingsmengsel van prys, produk, verspreiding en promosie te verander. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 Hoe red mededingingsbeleid besighede in Suid-Afrika?

- Deur die vorming van groot besighede wat te veel markkrag het, te voorkom ✓✓
- Om dit makliker te maak vir nuwe mededingende besighede om te begin ✓✓
- Redding van potensiële en reeds bestaande besighede. ✓✓


(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.5 Waarom word die petrolmark in Suid-Afrika as 'n voorbeeld van 'n oligopolie beskou?

- Daar is slegs 'n paar firmas in die Suid-Afrikaanse petrolmark en die mark/marktaandeel word deur slegs 'n paar oorheers. ✓✓
- Daar is aansienlike hindernisse om brandstofstasie/petrolmaatskappy te begin, bv. aansienlike bedrae kapitaal ✓✓
- Alhoewel daar baie inligting vir die verskillende petrolmaatskappye beskikbaar is, bly dit onvolledig. ✓✓
- Petrol, as 'n produk, kan as homogeen beskou word. ✓✓
- Die kwaliteit van diens, verskillende tipes brandstof en verskillende byvoegings bv. lojaliteitskemas, supermarkte, toegang tot kitsbanke maak dit meer geneig om heterogeen te wees ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

4.4 Gebruik die grafiek hieronder om te verduidelik hoe die aanbodkurwe van 'n firma in 'n volkome mededingende mark afgelei word.



- By P_0 sal die besigheid nie sy veranderlike koste dek nie, dan sal dit beter wees om dit toe te maak ✓✓
 - Soos die markprys tot P_1 styg sal die horisontale vraagkurwe van die besigheid opwaarts skuif, by e_1 is die prys P_1 gelyk aan die GVK ✓✓
 - By hierdie punt kan die firma sy veranderlike koste dek, ✓✓
 - Gee die helling van die MK-Kurwe, elke hoër aanvraag-kurwe sny die MK-kurwe by 'n punt wat regs van die vorige snypunt, e_1 , e_2 en e_3 , lê ✓✓
 - Punte e_1 , e_2 en e_3 stip die firma se aanbodkurwes teen verskillende pryse ✓✓
 - In die perfekte mark word die aanbodkurwe verteenwoordig deur die deel van die MK-kurwe wat bokant die GK-kurwe is. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante verduideliking.)

(8)

4.5 Hoe beïnvloed samespanning die ekonomie negatief?

Samespanning sal die ekonomie negatief beïnvloed deur:

- die vermindering van mededingendheid in die langtermyn deur die vermindering van die BBP en indiensneming ✓✓
 - prysvasstelling, markdeling en uitsetbeheer deur kartelle en prysleierskap toe te laat ✓✓
 - skaarste te skep om pryse te verhoog en ook ondoeltreffende verskaffers te beskerm ✓✓
 - gemeenskap, verbruikers, besighede en selfs regerings te dwing om hoër pryse vir goedere en dienste te betaal ✓✓
 - ekonomiese markte te verdraai en innovasie te vertraag omdat daar min aanspooring is om geld aan navorsing en ontwikkeling te bestee ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE

- Vergelyk en kontrasteer in detail, sonder grafieke, monopolistiese mededinging en monopolie markstrukture. (26 punte)
- Hoekom sal die regering monopolieë ondersteun of lisensieer? (10 punte)

INLEIDING

Enige mark wat nie al die kenmerke van volmaakte markte het nie, word 'n onvolmaakte mark genoem. Dit is ook die geval met monopolie en monopolistiese markte. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante lae orde inleiding.)

(2)

HOOFGEDEELTE

KENMERKE	MONOPOLIE	MONOPOLISTIES
Aantal firmas in 'n bedryf ✓	'n Enkele verskaffer of firma ✓ bv. Eskom ✓ Daar is geen mededinging nie, een besigheid in die mark beheer die verskaffing van die goedere en dienste ✓✓	'n Groot aantal firmas of verskaffers ✓ bv. KFC, Nandos en Tagos. ✓ Daar is 'n element van mededinging ✓✓
Aard van die produk ✓	'n Unieke produk word vervaardig. ✓ Daar is geen nabye plaasvervangers nie. ✓✓ Die produk kan nie maklik vervang word nie. ✓✓ Verbruikers het geen keuse in prys en kwaliteit van die produk niet. ✓✓	Gedifferensieerde produkte ✓ Produkte is soortgelyk maar nie identies nie. ✓✓ Hulle is soortgelyk deurdat hulle dieselfde behoefte van die verbruiker bevredig. ✓✓ Daar kan verskille in verpakking wees, maar die produk is dieselfde. ✓✓
Vryheid om die mark te betree en te verlaat ✓	Daar is hindernisse vir toegang ✓ Toegang tot die mark is heeltemal geblokkeer ✓✓ Die hindernisse word veroorsaak deur patente en ander vorme van intellektuele eiendomsregte ✓✓	Maklike toetrede tot die mark. ✓ Daar is volledige vryheid van toetrede tot en uitgang in die mark ✓✓
Helling van die vraagkurwe ✓	Afwaartse skuins vraagkurwe vir die firma ✓ en dieselfde kurwe vir die bedryf ✓✓ dit is ook onelasties. ✓✓	Afwaartse skuins vraagkurwe vir die bedryf, ✓ en elasties ✓✓

Beheer oor prys ✓	Die firma is 'n prysmaker die pryse ✓ Die monopolis is in staat om die mark te beïnvloed deur die hoeveelhede wat dit aan die mark verskaf, te verander ✓✓	Firmas het min beheer oor die prys ✓ Elke onderneming verkoop teen sy eie prys ✓✓ aangesien 'n enkel prys nie vir die gedifferensieerde produk bepaal kan word nie ✓✓
Relatiewe mark aandeel ✓	Totale mark behoort aan een firma ✓✓	Relatiewe klein deel van die totale mark ✓✓
Inligting ✓	Daar is perfekte kennis, inligting is volledig ✓✓	Inligting is onvolledig ✓✓
	(Maks. 13)	(Maks. 13)

(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir blote lys en voorbeelde.)

(Kandidate mag nie 'n tabel gebruik om hul antwoorde aan te bied nie.)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(26)

ADDISIONELE DEEL

Waarom sal die regering monopolieë ondersteun of lisensieer?

- Om die intellektuele vaardigheid en reg van die produsent te beskerm. ✓✓
- Sommige produkte is baie gevaarlik vir baie maatskappye om dit te vervaardig of diens te lewer, daar moet 'n vlak van aanspreeklikheid wees. ✓✓
- Om die produsent te motiveer om met die vaardigheid voort te gaan, die maatskappy te laat groei en meer mense in diens te neem ✓✓
- Uit die ekonomiese winste wat gemaak is, moet die regering meer inkomste in terme van belasting kry. ✓✓
- Om die maatskappy te kan moniteer veral as dit 'n noodsaaklike diens soos elektrisiteit verskaf, d.w.s prys, voorsiening van elektrisiteit aan almal, bv. in landelike gebiede, en die konsekwentheid om dit te doen. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte hoër-orde verduidelikings.)

('n Maksimum van 2 punte sal vir 'n blote lys van feite toegeken word.) (Maks. 10) (10)

AFSLUITING

Beide markstrukture is geneig om ondoeltreffend te wees omdat onvolmaakte markte nie daarin slaag om hulpbronne doeltreffend toe te wys nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante hoër-orde gevolgtrekking.)

(Maks. 2)

(2)

[40]

VRAAG 6: MIKRO-EKONOMIE

- **Bespreek in detail, sonder grafieke, oorsake van markmislukking. (26 punte)**
- **Evalueer die gebruik van indirekte belasting om markmislukking op te los. (10 punte)**

INLEIDING

Markmislukking vind plaas wanneer markkragte van vraag en aanbod nie verseker dat die korrekte hoeveelheid goedere en dienste geproduseer word om in die vraag teen die regte prys te voorsien nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante laer-orde inleiding.)

(2)

Eksternaliteite ✓

- Dit staan bekend as oorloopeffekte na derde party wat nie direk by die produksieproses betrokke is nie. ✓✓
- Aangesien eksternaliteite in produksie en verbruik dikwels bestaan en uitset gewoonlik gebaseer is op privaat koste en voordele, is dit 'n beduidende oorsaak van markmislukking. ✓✓

Negatiewe eksternaliteite ✓

- Negatiewe eksternaliteite is koste aan derde partye wat nie by die markprys ingesluit is nie bv. besoedeling. ✓✓
- Die koste van negatiewe eksternaliteite soos swak gesondheid word nie deur die produsente betaal nie. ✓✓
- Nadelig word hierdie goed dikwels oorgeproduseer in die ekonomie, wat nie sosiaal wenslik is nie. ✓✓

Positiewe eksternaliteit ✓

- 'n Positiewe eksternaliteit vind plaas wanneer daar 'n voordeel vir 'n derde party is uit die optrede of besluit van 'n ander party. ✓✓ bv. Onderwys ✓
- Hierdie goedere word dikwels ondervervaardig deur die mark en die regering tree in om voorsiening te maak vir die tekort. ✓✓

Openbare goedere/Vermiste markte ✓

- Kan slegs onder sekere omstandighede vorm en wanneer hierdie toestande afwesig is, sukkel markte om te bestaan. ✓✓
- Openbare goedere word nie deur markmeganismes voorsien nie omdat produsente nie die goedere vir wanbetaling kan weerhou nie en aangesien daar dikwels geen manier is om te meet hoeveel 'n persoon verbruik nie, is daar geen basis om 'n markprys vas te stel nie. ✓✓
- Markte wat meet hoeveel 'n persoon verbruik, daar is geen basis vir die vasstelling van 'n markprys vir weerlig, vloedbeheer, stormwaterdreinerings en vuurtorings. ✓✓
- **Kollektiewe goedere:** dit is goedere en dienste soos parke, strande en strandfasiliteite, strate, sypaadjies, paaie, brûe, openbare vervoer, rioolstelsels, afvalverwyderings, waterretikulasie en vullisverwyderings. ✓✓
- **Gemeenskapsgoedere:** dit is goedere soos verdediging, polisie, gevangenisdienste, straatligte: dit is goedere en dienste soos parke, strande en strandfasiliteite, strate, sypaadjies, paaie, brûe, openbare vervoer, rioolstelsels, afvalverwyderings, waterretikulasie en vullisverwyderings. ✓✓

Meriete goedere en nie-merietegoedere: ✓✓**Meriete goedere:**

- Sommige goedere is hoogs wenslik vir die algemene welsyn van die mense van die land en word dikwels nie hoog aangeslaan deur die mark nie. ✓✓
- As mense markpryse daarvoor moet betaal, sal relatief min verbruik word. ✓✓

Nie-merietegoedere:

- Items soos sigarette, alkohol en nie-voorskriftelike middels is voorbeelde van nie-merietegoedere. ✓
- In 'n vryemark ekonomie word hierdie goedere oorverbruik. ✓✓
- Die regering kan hul verbruik verbied of verminder deur middel van belasting soos aksyns ✓✓ en deur inligting te verskaf oor hul skadelike newe-effekte. ✓✓

Onvolmaakte kompetisie ✓

- In marke ekonomieë word mededinging dikwels deur mag benadeel. ✓✓
- Mag lê dikwels in 'n groter mate by produsente as by verbruikers. ✓✓
- Die meeste besighede funksioneer onder toestande van onvolmaakte mededinging wat **produsente** in staat stel om uitset te beperk, pryse te verhoog en te produseer waar prys marginale koste oorskry. ✓✓

Gebrek aan inligting ✓

- Verbruikers, werkers en entrepreneurs het nie altyd die nodige **inligting** tot hul beskikking om rasonale besluite te neem nie. ✓✓
- **Verbruikers:** Alhoewel vooruitgang in tegnologie die hoeveelheid inligting waartoe mense toegang het verhoog, het hulle natuurlik nie perfekte inligting nie. ✓✓
- **Werkers:** Hulle is dalk onbewus van werksgeleenthede buite hul huidige werk. ✓✓
- **Entrepreneurs:** Hulle het dalk 'n gebrek aan inligting oor die koste, beskikbaarheid en **produktiwiteit** van sommige produksiefaktore, en werk moontlik op grond van **verkeerde** inligting. ✓✓

Onbeweeglikheid van die produksiefaktore ✓

- Die meeste markte pas nie vinnig aan by veranderinge in vraag en aanbod nie. ✓✓
- **Arbeid:** kan tyd neem om na nuwe beroepe te beweeg en geografies om aan die veranderinge in verbruikersvraag te voldoen. ✓✓
- **Fisiese kapitaal:** Fabrieksgeboue en infrastruktuur soos telefoonlynne, brûe, spoorverbindinge en lughawens is nie na willekeur verskuifbaar nie. ✓✓
- Hierdie kapitaal hou vir baie jare, maar kan nie geskuif word om by verandering in vraag te pas nie. ✓✓
- **Tegnologiese toepassings verander produksiemetodes:** Tegnologie wat in die produksie gebruik word, kan verander soos die gebruik van robotte eerder as arbeid in myne. ✓
- Dit neem tyd vir die meeste bedrywe om aan te pas – met groter tegnologiese veranderinge ✓✓
- Werkers moet buigsaam, ongeskoold wees en in staat wees om van diens te verander, sowel as van werkpatrone. ✓✓

Onvolmaakte verspreiding van inkomste en rykdom ✓

- Die belangrikste tekortkoming van markstelsels is dat dit neutraal is in die kwessie van inkomsteverdeling. ✓✓
- As die aanvanklike verdeling ongelyk is, sal die finale verdeling ook wees. ✓✓
- Om hierdie rede word daar dikwels aangevoer dat die mark misluk. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(Maks. 26)

(26)

ADDISIONELE GEDEELTE

Indirekte belasting is die oplegging van 'n belasting op goedere en dienste eerder as op inkomste of winste (m.a.w. direkte belasting). ✓✓

Indirekte belasting word met markmislukking geassosieer om 'die eksternaliteite' van verbruik of produksie te internaliseer. ✓✓

Positiewe

- Hulle word gebruik om inkomste vir die regering in te samel om publieke en meriete goedere te verskaf en om inkomste te herverdeel. ✓✓
- Regerings gebruik indirekte belasting om verkope van goedere te verminder wat skadelik is en verbruikseksternaliteite het soos tabak en alkohol, dit is goedere wat nie-meriete is. ✓✓
- Inkomste wat ingesamel word, kan gebruik word om inkomste deur die welsynstaat te herverdeel, of om infrastruktuur te verskaf. ✓✓

Negatiewe

- Indirekte belasting kan ook lei tot onbedoelde gevolge wat meer ondoeltreffende uitkomst lewer, byvoorbeeld 'n belasting op sigarette kan veroorsaak dat verbruikers oorskakel na onwettige rook en meer skadelike plaasvervangers ✓✓
- Verbruikers kan ook probeer om 'n belasting te vermy, wat lei tot 'n styging in swart markte wat ekstra polisiëring vereis (bv. sigaretsmokkelary). ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(10)

SLOT

Die regering probeer om die belange van die gemeenskap te beskerm en die doeltreffendheid in markte te verbeter, maar daar is nog meer om te doen. ✓✓

(Aanvaar enige relevante hoë-orde gevolgtrekking.)

(2)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150